23 Oktober 2020
NG Gemeente Stellastraat
BLITSNUUS

Wie en wat is ons nou eintlik? - *Anton Pienaar*

Vir my voel dit ons ken onsself nie. Ek bedoel, ek dink die meeste mense wat in 'n gereformeerde kerk is, weet nie eintlik hoekom hulle gereformeerdes is nie. Ons is maar in die NG Kerk omdat ons voorouers ons in 'n NG Kerk in-gedra het.

Meeste van ons weet nie waar ons identiteit vandaan kom nie, daarom hou ons ook nie daaraan vas asof dit vir ons iets kosbaar is nie. Elke jaar, met die hervormingsfees aan die einde van Oktober, steek ons 'n liggie aan oor die geboorte van die gereformeerde kerke sowat 500 jaar gelede, maar kort voor lank is ons weer met ander tema's besig. En hoewel die tema's binne die gereformeerde kultuur plaasvind, is daar steeds 'n groot onkunde oor ons aard, ons gekose karakter.

Gereformeerdes vestig nie hulle daaglikse geloof op bo-natuurlike openbaringe en gebeurtenisse nie, maar op dit wat hulle van God leer ken in die Bybel. Gereformeerdes glo dat God se genade onbeperk en ongekwalifiseerd vir alle mense is. Gereformeerdes glo daarom dat daar niks staan tussen enige mens en God nie – ook nie die kerk of geestelike leiers nie. Gereformeerdes glo dat hulle lig en vry kan leef, omdat Jesus se lewe en sterwe vryheid kom bewerk het. Gereformeerdes glo dat hulle dienend moet leef, nie om iets te verdien nie, maar omdat hulle uit dankbaarheid nie anders kan nie.

Dié naweek se erediens-gebeure

Dit is buitengewone tye. Die implikasie is dat daar Sondag net een erediens in Stellastraat is. Ongewoon. Maar **09:00** is daar 'n **erediens** in die kerk wat deur Anton gelei word. Die tema van die erediens is: *'Aan wie se kant was Jesus in Senekal?'* En die teks wat gelees word is Josua 5:13-15.

As gevolg van praktiese redes kan die erediens van Sondag nie lewendig ge-videostroom word nie, maar daar is 'n vooraf opname gemaak wat wel soos gebruiklik op die **Stellastraat Live-blad** van die Youtube kanaal gekyk kan word - **www.youtube.com/c/stellastraatlive**. Of jy kan op die volgende skakel kliek as jy daarna wil kyk - **https://youtu.be/wvjgOrljHQc**

Die Adoramusdiens van Sondagaand is weer 'n **Tuis-Adoramus**. Willem het dié voorberei met die tema *'Die kenner van my hart'* en teks uit Psalm 139: 1-2. Jy kan ook daaraan meedoen deur die volgende skakel te volg: **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-25-Oktober.pdf**

Huis 8 na Sardaville

Fay en Peet en 'n hele klompie lidmate gaan die naweek saam met Huis 8 na Sardaville, 'n plaas in die Oos-Vrystaat. Dankie vir almal wat bydraes gemaak het om vir die seuns 'n heerlike naweek te gee, en veral vir Dawie en Annette de Villiers wat die inisiatief en die leiding neem.

Buitelug Kerssangdiens 29 November

Hou jou solank reg vir ons jaarlikse Kerssangdiens op **Sondag 29 November.** Vanjaar gaan dit 'n opelug-byeenkoms wees, om verskeie redes. Fay, Maricus en Jattie beplan die heerlike aand van sang en somer vir ons.

Jumble Sale of oortollige uitverkoping? 4 en 5 November

Daar is 'n klompie klere oor in ons stoor nadat ons heelwat van die skenkings kon versprei na instansies in die stad. Ons het besluit om die oortollige klere op 'n ***Jumble Sale*** te verkoop ten bate van die Faith Community. Die datums en tye vir die verkoping is op **4 November (14:00-16:00)** en **5 November (07:00-09:00)**. Indien iemand nog klere of kombuisware wil skenk vir die projek, kan dit gerus by die Kerkkantoor afgelaai word.

Sosiale media hét 'n donkerkant ook - 11 November

Sosiale media is wonderlik. Sosiale media het egter 'n donker kant. 'n Baie donkerkant. Op Woensdag **11 November 2020 19:00**, tydens ons bottel- en bordaand gaan ons oor die voor en nadele van sosiale media praat.

Dr Neil van Heerden van Unisa gaan oor die onderwerp belig nadat ons 'n gedeelte van die dokumentêre film ***The Social Dilemma*** gekyk het.

Hierdie geleentheid is 'n moet vir almal wat bekommerd is oor die invloed van sosiale media op hulleself en op hulle kinders.



Kersfeeskosmark op 4 Desember

Daar is sommer groot opgewondenheid oor ons tweede kosmark. Die eerste kosmark, wat tydens die hoogbloei van die covid-inperkings plaasgevind het, het soveel aftrek gekry dat ons besluit het om 'n tweede een te hou. Hierdie keer noem ons dit ons Kersfeeskosmark en dié gaan plaasvind op **4 Desember**. Almal wat vir die vorige kosmark voorberei het, staan weer reg. Maar, as jy ook op die manier wil deelneem, kontak asseblief vir Fay.

Jeuggroepe

Jeuggroepe
Die Jeuggroepe is klaar met hulle weeklikse byeenkomste vir die jaar. Die jaar met sy inperkings en rondskuif van datums, het groot uitdagings gebring, maar danksy Tienie en al die Jeuggroepleiers kon ons die hele sillabus doen. Dankie daarvoor!

Die graad 7's ontvang op **Sondag 8 November** hulle Bybel tydens die 10:00 erediens. Op dié dag gaan die ouers dit aan elkeen van die tieners oorhandig. 'n Roetemerker wat sê dat hulle nou aan die begin van 'n nuwe lewensfase staan.

Kleuterkerk
Die kleuterkerk hou egter nie op nie! Ouers met kleuters is welkom om die kinders na die kleuterkerk te bring wat langs die biblioteek is, terwyl die erediens in die kerk aan die gang is.

Meegevoel

Ons is baie jammer om te verneem dat **Alex en Tertia de Jager** van Herfsblaar, se dogter Rita skielik oorlede is. 'n Gedenkdiens vir haar word aanstaande Vrydag in Stellastraat gehou.

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat, **Gert en Elize van der Linde** van Nondelastraat 81, Waterkloof Hoogte.

Erediens besprekings - Hoe, Waar en Wanneer?

Sondag **25 Oktober** en **1 November** is daar slegs een erediens **09:00**.

Die eredienste kan bespreek word deur die volgende skakel te volg - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6**

Besprekings moet per persoon gedoen word, dus almal in die gesin moet apart registreer.

Besprekings vir Sondae sluit Vrydae middae 15:00 om die naamlyste af te handel.

Jy is welkom om die kerkkantoor te skakel indien jy hiermee sukkel.





Verjaarsdae 25 - 31 Oktober

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 25 Oktober:
Juanita Britz, Roelien du Toit, Xander Eksteen, Dalene Fourie, Leah Jacobs, Dawid Marais, Marlize Rabe, Melissa Reyneke, Moedie Reyneke, Rhynard Steyn, Chris van Zyl, Carel-Hendrik Willemse, Sandri Yssel.

Maandag 26 Oktober:
Elzabé du Preez, Luca Jooste, Finley Lindeque-Coetzer, Isabel Pretorius, Elize Smuts.

Dinsdag 27 Oktober:
Japie de Wet, Ilze Hanekom, Loïs Markram, Karla Meiring, Juan Swart, Tian van Eijk, Amélie Visser.

Woensdag 28 Oktober:
Elsa-Marie Coetzee, Stefan Erasmus, Jan Groenewald, Marguerite Lamey, Karen Lindeque, Shirley Lotheringen.

Donderdag 29 Oktober:
Ria Annandale, Marietha de Klerk, Viljoen du Plessis, Lize Gerber, Dianne Janse van Rensburg, Grethna le Roux, Herco Steyn, JD van der Merwe, Loraine van Zyl.

Vrydag 30 Oktober:
Jan Gloy, Emmie Jansen van Rensburg, Sean King, Hans Kortenhoeven, Henri Kriek, Lammie Marx, Irma Pauw, Francois Roux, Ludwig Steyn, Cecile Walkenshaw, Wessel Wessels.

Saterdag 31 Oktober:
Nelea Beukes, Almer du Pisanie, Gerhard Ferreira, Heinrich Jansen, Christi Marie Kirkpatrick, Nico Mans, Elna Massyn, Nicolette Schreiber, Christo Strauss, Hanli van der Westhuizen, Dawie van Staden, Gideon van Wyk, Johan van Wyk.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za